


# Matteus 21:5


Kyk, julle Koning
kom na
julle toe.



Hy is saggeaard
en Hy ry op 'n
donkie, die vul
van 'n
pakdier.







# Koning Jesus het gekom om te dien.



Naam



# Saamsingliedjies vir Kinderpinkster



**Ons koning kom**

**Supercool vir Jesus**

**Every move I make**

**Popcorn**

**I've got the joy**

**Dis so lekker**

**Wow God is koning**

**Staan op**

# Aktiwiteite vir die week

## Maak van kroon: Sondag

Die kroon wat in die pakket is, word sorgvuldig uitgeknip en versier met goedjies wat verskaf is. Eie versierings kan ook gebruik word. Die stroke onder die kroon kan aan die kroon vasgekram word sodat die kroon om die kind se kop pas.

## Maak van boekrol: Maandag

Gebruik die toiletrolletjie wat voorsien is. Knip die stroke van die boekrol uit en plak dit aan mekaar vas om een lang strook te vorm. Dit moet net in die regte volgorde geplak word. Die punt van die boekrol word dan om die toiletrolletjie geplak en die res van die strook word om die rolletjie gedraai.

## Maak van die donkie: Dinsdag

Die donkie prentjie wat verskaf word, word uitgenip en ingekleur. Die wasgoedpennetjie word as bene gebruik om die donkie te laat staan.

## Vou van kruis: Woensdag

Stefan sal tydens die les die stappe wys wat gevolg moet word. Indien die vou-aktiwiteit te moeilik is, kan die kruis op wit papier, wat ook voorsien is, in helder kleure ingekleur word.

## Die oop graf: Donderdag

Knip die rots uit. Neem die gemerkte sosatiestokkie en druk deur die linkerkant van die rots, van agter af deur die papier. Die plek is gemerk met 'n kolletjie. Sodra die punt deur is, word die rots op die sosatiestokkie geplaas, in lyn met die ---- op die rots. Dit moet tussen die merkies op die sosatiestokkie geplaas word. Dan word die stokkie van bo af deur die ander kolletjie aan die regterkant van die rots gesteek. Die rots kan dan weggeskuif word voor die opening en die leë graf sal sigbaar wees. Alles kan mooi helder ingekleur word.